

Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal 2


Breinoefeninge (LV) ± 5 min

Datum	Opdrag	Benodighede
Vir 'n visuele voorbeeld, maak die week se Breinoefening video oop.		
28 April	<u>"Cross crawl"</u> Staan en laat regter elmboog raak aan linker knie, en anders om. Skryf 'n lui 8 in die lug met jou regter hand, dan met linker hand.	Jouself
29 April	Hop op een voet 10 keer en ruil dan na die ander voet. Staan op een been vir tenminste 5 tellings en ruil.	Jouself
30 April	<u>Legkaart</u> Bou 'n legkaart wat 35 stukke of meer is. Legkaart.	Indien julle nie het nie, kan 'n prent in dele opgeknip word vir kind om te bou.

Bespreking (LV) ± 15 min

Datum	Opdrag	Benodighede
28 April	Hierdie week se tema is Sade. Die onderwerp vir vandag is: <ul style="list-style-type: none"> - Hoe lyk sade? - Waar kry ons sade? 	Maak die Dag 1 bespreking PowerPoint of PDF oop
29 April	Vandag se onderwerp is: <ul style="list-style-type: none"> - Die siklus van 'n saad. 	Maak die Dag 2 bespreking PowerPoint of PDF oop
30 April	Vandag se onderwerpe is: <ul style="list-style-type: none"> - Die verspreiding van sade. - Gebruike van sade 	Maak die Dag 3 bespreking PowerPoint of PDF oop

Wiskunde ± 20 min


Datum	Opdrag	Benodighede
28 April	<ol style="list-style-type: none"> 1. Mamma/pappa toets aan die begin van elke dag die leerder se begrip van die dae van die week., soos per PowerPoint uiteengesit. 2. Hersiening van getalle 1 tot 4. <ul style="list-style-type: none"> • Kan jy onthou wie bly in huisie nommer 1, 2, 3 en 4? • Mamma/pappa skommel die getalsimbole, getalname en kolkaarte van 1 tot 4 en flits dit aan die leerder. 3. Ontdek Suid-Afrikaanse geld – note. <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord vrae. Kry solank jou beursie met munte reg vir die volgende dag. 4. Doen ster spronge (star jumps) terwyl jy tot by 20 tel. 5. <u>Voor, na en tussen:</u> <ul style="list-style-type: none"> - Mamma/pappa vra die volgende vrae tot en met 10. Dit kan mondelings gevra word, maar indien die leerder sukkel of deurmekaar raak met voor, na en tussen word die getallelyn gebruik. <ul style="list-style-type: none"> • Watter getal kom na 3? • Watter getal kom na 5? • Watter getal kom na 8? • Watter getal kom voor 2? • Watter getal kom voor 7? • Watter getal kom voor 6? • Watter getal kom tussen 1 en 3? • Watter getal kom tussen 6 en 8? • Watter getal kom tussen 3 en 5? 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Maak gebruik van die Wisk. Dag 1 PowerPoint. 2. Gebruik die Wisk. Dag 1 PowerPoint. Maak flitskaarte vir die getalsimbole, getalname en kolkaarte vir 1 tot 4. Indien u nog die vorige week se flitskaarte het, gebruik dit. <div style="text-align: center; margin: 10px 0;">  </div> 3. Wisk. Dag 1 PowerPoint word gebruik. 4. Geen. 5. Wit A4 / A3 papier. U skryf die getalle 1 tot 10 in 'n ry neer. <div style="text-align: center; margin-top: 20px;"> <p>1 2 3 4 5 6 7 8 9 10</p> </div>

29 April

1. Herhaal die dae van die week en die vrae soos per PowerPoint.
2. Tel tot by 10. Ons gaan appels pluk. Leerder maak of hy 'n mandjie vashou. Staar op hul tone en strek om by die hoë boom uit te kom. Soos wat die leerder tel, word die appels gepluk en in die mandjie gesit.
3. Tel terug vanaf 10. Ons stap huis toe met die swaar mandjie vol appels. Daar pak ons die appels uit. Soos wat die leerder appels uitpak, word daar terug getel.
4. Ontdek Suid-Afrikaanse geld – munte.
5. Leerder gooi die verskillende munte (nie meer as 10) in hul beursie/sakkie voor hul uit. Leerder raai dan eers hoeveel munte hul dink daar is. Tel dan die munte af wat voor hul lê. Vra of dit meer of minder is as wat hul geraai het.
6. Met die munte wat voor hul lê, vra vrae soos:
 - Hoeveel R1 is daar?
 - Hoeveel 10c is daar?
 - Ensovoorts.
7. Vra leerder om die munte te sorteer. Indien leerder sukkel, verleen hulp en gee 'n leidraad. Kyk na die kleur van die munte.
8. Sorteer die 10 munte van klein na groot. Daarna van groot na klein. Indien leerder sukkel, gee net die 6 munte om te gebruik.
9. Maak groepe gelyk (dieselfde) tot by vier. Plaas 2 plastiekbakkies voor die leerder. Sit 1 saadjie, klippie of blokkie in die eerste bakkie. En 3 saadjies, klippies of blokkies in die tweede bakkie.

1. Vra elke dag mondelings of maak gebruik van die **Wisk. Dag 2 PowerPoint**.
2. Geen.
3. Geen.
4. **Wisk. Dag 2 PowerPoint** word gebruik.
5. Verskillende munte en beursie of sakkie.
6. Munte.
7. Munte.
8. Munte.

	<p>- (Daar moet ekstra van die gekose item wees.) Vra vir leerder watter bakkie het die meeste in? Watter bakkie het die minste in? Vra watter plan hul kan maak om die bakkies gelyk te maak. Hulle kan bysit of sommige leerders sal wegvat. Herhaal 3 of 4 keer.</p>	<p>2 Plastiekbakkies, 8 sade, neute, klippies of blokkies.</p>
<p>30 April</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Herhaal die dae van die week roetine. 2. Leerder kyk na die plakkaat en antwoord die vrae: <ul style="list-style-type: none"> • Was jy al ooit by 'n mark? • Wat koop die mense in hierdie plakkaat? • Wat koop mamma/pappa gewoonlik by die winkel? • Hoeveel groen appels is op die tafel? • Hoeveel sakkies lemoene sien jy? • Is daar meer waatlemoene of pynappels? • Hoeveel maats staan in die ry by die boereworsstalletjie? 3. Ons gaan inkopies doen met ons inkopielys. Nadat daar deur die skyfies gewerk is, haal u enige 4 items uit die koskas. Pak dit langs mekaar in 'n ry. Vra vrae: <ul style="list-style-type: none"> • Wat is eerste in die ry? • Watter item is derde in die ry? • Hoeveelste is _____ in die ry? <p>**Verander die volgorde van die items en herhaal die vrae.</p> 4. Speletjie: Mamma/pappa skryf op 6 afsonderlike klein blokkies papier al die munte neer. Kies 6 huishoudelike items en sit dit op 'n inkopietafel. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Vra elke dag mondelings of maak gebruik van die Wisk. Dag 3 PowerPoint. 2. Wisk. Dag 3 PowerPoint word gebruik. 3. Enige 4 items uit die koskas. 4. Inkopietafel met 6 huishoudelike items.

	<p>Plaas 1 blokkie voor elke item. Leerders pas een van hul munte uit hul beursie/sakkie by 'n item op die tafel.</p> <p>5. Speletjie: Domino's</p> <p>Indien u Checkers se "little shop" by die huis het, kan boeties en sussies lekker winkel-winkel speel.</p>	<p>5. Domino blokkies tot 4, gemaak uit papier. Soveel moontlike kombinasies.</p> 
--	---	---

Huistaal ± 20 min

Datum	Opdrag	Benodighede
28 April	<p><u>Lettervorming op verskillende mediums</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Hersien lettervorming van klank wat reeds aangeleer is m.b.v 'n PowerPoint en dan op verskillende mediums soos per PowerPoint uiteengesit. <p><u>Ooreenkomste en Verskille</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Bespreek ooreenkomste en verskille van die prente in volsinne. <p><u>Ouditief</u></p> <p>Leerder luister na die opdrag, kyk na die prentjie en identifiseer die klank waarmee die woord begin.</p> <p>-</p>	<p>Maak die Klanke lettervorming PowerPoint oop. Eie flitskaarte: m, n, w, v, r, l</p> <p>Maak die Ooreenkomste en Verskille PowerPoint oop. Speel met klank.</p> <p>Maak die Ouditiewe speletjie oop. Speel met klank</p>
29 April	<p><u>Hersiening:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Skryf die m, n, r, w, v, l klank op 'n blokkie papier. Flits dan die klanke vir die leerder en kyk of hy die klank, sonder enige prentjies, kan identifiseer. 	<p>Blokkies papiere en 'n merker vir flitskaarte en name</p>


	<p><u>Storie</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Lees die <u>storie</u> van Die drie bokke aan die leerder voor. - Beantwoord die vrae wat volg. - Bespreek die woordeskat soos per PDF uiteengesit. 	Maak die Storie – Die drie bokke PDF oop.
30 April	<p><u>Die drie bokke:</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Speel die <u>video</u> van Die drie bokke. Indien die storie klaar is, sal hy vanself na die volgende bladsy toe gaan. 2. Die leerder moet dan die storie in sy eie woorde oorvertel. Die kern vertelpunte word ook vir u uiteengesit, sodat u kan sien of die leerder die storie korrek oorvertel. 3. Daarna volg 'n speletjie om die prente in die regte volgorde te plaas. <p>Die leerder moet dan sy gunsteling gedeelte van die storie teken om die boodskap oor te dra. Mamma/Pappa skryf dan die sinnetjie onder aan die bladsy. Die leerder moet onthou om sy naam agter op te skryf.</p>	Maak Die drie bokke PowerPoint oop vir die dag se aktiwiteit. Speel met klank.

Kreatiewe kunste (LV) ± 20 min

Datum	Opdrag	Benodighede
28 April	<p><u>Appel met sade:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Skeur en plak die rand van die papierbord met rooi papier. - Teken 'n steeltjie en blaar op die wit papier en kleur dit in. - Knip die steel en blaar uit en plak dit aan die bokant van jou appel. - Teken met 'n swart potlood vier appelsaadjes in die middel van jou appel. 	<p>Wit papierbord (As jy nie 'n papierbord het, nie kan mamma 'n sirkel trek op 'n gewone wit A4 papier wat jy kan uitknip.)</p> <p>Rooi papier (uit 'n tydskrif of koerant)</p> <p>Wit papier en kryte</p> <p>Skêr en gom</p>



<p>29 April</p>	<p><u>My eie graspoppie:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Neem 'n deurskynende koeldrankbottel en vra vir mamma of pappa om dit in die helfte te sny. Gebruik die onderste helfde vir jou bakkie. - Gebruik die doppie vir 'n neus en teken op papier twee oë, ore en 'n mond. Kleur dit in en knip uit. (Sê sommer vir mamma hoeveel oë, ore, neuse en monde het 'n mens.) - Plak jou gesiggie op jou deurskynende bakkie en wag tot hy droog is. - Neem grond uit die tuin en maak jou bakkie vol tot amper bo. Strooi saadjies dig oor die grond en maak jou houertjie tot bo vol met nog sand. - Gee jou mannetjie elke dag 'n klein bietjie water en kyk hoe sy haartjies groei. (Jy kan enige saadjies gebruik vir jou mannetjie se hare. Van grassade tot kruiesaadjies. 	<p>Deurskynende plastiek koeldrankbottel Skêr Wit papier Kryte Gom Sand Saadjies</p> 
<p>30 April</p>	<p><u>Saadjies in 'n sonneblom:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Neem 'n wit A4/A3 bladsy en trek 'n lyn deur die onderste deel van die blad. (Dit gaan vir jou wys waar is die deel van die plant bo die grond en die deel van die plant onder die grond.) - Teken met swart potlood die sonneblom se stam en blare bo die grond en kleur dit in. - Smeer die deel onder die grond met gom en gebruik die tou of wol om die sonneblom se wortels te vorm. - Strooi die res van die deel onder die grond met sand. - Trek met 'n ronde deksel of koppie op geel papier 'n sirkel en knip dit uit. - Knip kort stukkies van die rand af binnetoe om die blom se blare te vorm. (Moenie jou blom in die middel deur knip nie.) 	<p>Wit A4/A3 papier Kryte Skêr en gom Tou of wol Sand Geel papier (Sirkel kan geel ingekleur/geverf word as jul nie geel papier het nie.) Oorstokkie en swart verf</p> <p>Gebruik die skakel om verf te maak as jy nie verf het nie https://pin.it/62BtOAg</p>

	<ul style="list-style-type: none"> - Plak jou blom aan die bo-punt van jou stam wat jy geteken het. - Gebruik swart verf en 'n oorstokkie om die saadjies in die middel van jou blom te druk en teken 'n agtergrond by. 	
--	---	--

Uitvoerende kunste en Motoriek (LV) ± 10 min

Datum	Opdrag	Benodighede
28 April	<p><u>Middellynkruising</u></p> <ul style="list-style-type: none"> - Teken 2 driehoeke, 2 sirkels, 2 vierkante en 2 reghoeke elk op sy eie blokkie papier. Laat die leerder die vorms uitknip. Elke stel vorms kan dieselfde kleur wees, dit maak nie saak nie. - Plak dan een van elke vorm onder mekaar op die linkerkant van 'n deurkoesyn, en die ander vorms in 'n ander volgorde op die die regterkant van 'n deurkoesyn. - Die leerder moet dan in die middel van die deurkoesyn staan en sy lyf draai van links na regs terwyl hy met sy hand aan die sirkel links van hom raak, sy lyf draai en dan aan die sirkel aan sy regterkant raak. Herhaal 3 keer vir elke vorm. 	Maak die video Middellynkruising oop vir 'n visuele voorbeeld.
29 April	Die leerder reageer gepas op instruksies en hou ritme terwyl hy/sy saam dans / sing.	Maak die skakel oop vir Freeze dance https://www.youtube.com/watch?v=2UcZWXvgMZE
30 April	Die leerder reageer gepas op instruksies en hou ritme terwyl hy/sy saam dans / sing.	Maak die skakel oop vir Gummy Bear dance https://www.youtube.com/watch?v=6Q7-tzCCh3w

Luister en Leer

Voltooi en haal in tot Week 12 bl. 26 – 27